Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

## 2016

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag in ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ŉ kopkaart of ŉ vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy ŉ streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 80 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1 Toe het alles verander. **[50]**

1.2 Die werk wat ek graag wil hê **[50]**

1.3 Só lyk 'n wenner. **[50]**

1.4 Maak selfone die lewe beter? **[50]**

1.5 Geld is alles. **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.

1.6.1



[Bron: www.familylife.com] **[50]**

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



1.6.2




[Bron: www.magnifyingaids.com] **[50]**

1.6.3



[Bron: www.savingwater.com] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **INFORMELE BRIEF**

Een van jou beste vriende/vriendinne het lank werk gesoek en toe uiteindelik werk gekry. Jy is saam met jou vriend/vriendin opgewonde hieroor.

Skryf ŉ VRIENDSKAPLIKE BRIEF hieroor aan jou vriend/vriendin. **[30]**

2.2 **HULDEBLYK**

Een van jou familielede is oorlede. Jy was baie lief vir hom/haar. Omdat jy hom/haar so goed geken het, moet jy namens die familie ŉ huldeblyk by sy/haar begrafnis lewer.

Skryf ŉ HULDEBLYK wat jy by die familielid se begrafnis sal lewer. **[30]**

2.3 **KOERANTBERIG**

**Man (93) kry matrieksertifikaat**

Skryf ŉ KOERANTBERIG met hierdie opskrif. **[30]**

2.4 **ONDERHOUD**

Jou sportklub het ŉ bekende sportman/sportvrou genooi om by die klub se prysuitdeling te kom praat.

Min mense ken hom/haar regtig. Jy voer ŉ onderhoud met hierdie sportman/sportvrou. Jy gaan die inligting gebruik om hom/haar tydens die prysuitdeling bekend te stel.

Skryf die ONDERHOUD wat jy met die sportman/sportvrou voer, neer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **ADVERTENSIE**

Jy wil graag ekstra geld verdien deur enige van die volgende werke te doen. Kies EEN van die volgende:

- Verfwerk
- Tuinwerk
- Kleremaak/Klere regmaak
- Troeteldiere versorg

Ontwerp 'n ADVERTENSIE om die werk wat jy gekies het, te adverteer. Jy gaan hierdie advertensie by een van die winkels opplak. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy het 'n baie goeie vriend/vriendin jare laas gesien. Julle gaan mekaar nou weer ontmoet.

Maak DAGBOEKINSKRYWINGS vir TWEE dae soos volg:

- Die dag voor die ontmoeting
- Die dag nadat julle ontmoet het **[20]**

3.3 **AANWYSINGS**

Jongmense weet nie altyd van die gevare om hulle nie. Jy is bekommerd oor jou sussie en haar vriende wat nog tot laat in die aand op straat is.

Skryf SEWE dinge neer wat jou sussie moet doen om veilig by die huis te kom. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou